16 SEPTEMBER 2018

09:00 Kunste-erediens

Immanuel van Tonder
Kunstenaar van die Lewe *Jes 35*

09:00 Kategese Gr1 – 6 (begin in die kerk)

09:00 Kleuterkerk
Skattejag en bak-en-brou-kwartaalafsluiting.

18:00 Aanddiens en Pelgrimsgroepe (Snr. Kategese)

Jeanri Bezuidenhout
Preekreeks: Die lewe is...

19:00 Belydenisklas – Saal
Mentorskap (Grootgroep)

Welkom by die kunste-erediens.
Baie dankie aan diegene wat hulle kuns gebring het vir die uitstalling vir almal om te geniet.

Kleuterkerk!

Al die mammas word vriendelik genooi om hulle kleuters na die Kleuterkerk te neem wat om 09:00 begin. Ons hou vandag skattejag en bak-en-brou vir ons kwartaal-afsluiting. Almal welkom!

23 SEPTEMBER 2018

09:00 Erediens

Pedrie Coetzee

18:00 Aanddiens

Peet Crous

Juan Ferreria is tydens die afgelope Kerkraadsvergadering as Kerkraadslid (sekundus) vir die Eiendomsbediening verkies.

Baie dankie aan almal wat die Lentekuier mee gemaak en saam geniet het - ook vir al die skenkings vir "New Beginning".
Groot waardering vir die harde werk van die dames wat die aand moontlik gemaak het.

Benodig jy besoek van 'n predikant of weet jy van iemand wat besoek benodig?
Skakel asseblief die kerkkantoor.

Die week se kalenderaktiwiteite

Dinsdag:	**Bybelstudie** 08:15 – Peet Crous. Afsluiting vir kwartaal. **Bybelstudie** 08:30 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413. **Nuwe Generasie Bybelskool** 19:00 (Sjêk) – Jakkie Strachan 084 547 1660.
Woensdag:	**Kleingroep vir Mammas met babas en kleuters** 10:00 – 11:30 (in die jeugsentrum) – Liesel Strasheim 082 344 4323 of Fay van Eeden 083 478 0854. **Studente-selgroep** 19:00 (Sjêk) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836. **"Young couples"-omgeegroep** 19:00 – Fay van Eeden 083 478 0854.
Donderdag:	**Bybelstudie** 09:30 (Lynnwood Oord). **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413. **Jong Volwasse Bybelstudie** (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854.
Vrydag:	**Bybelstudie** 08:00 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959 **Gebedsgroep** 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke.

Baie Dankie

* aan almal wat deelgeneem/-gehad het aan die groot sukses van die Lentekuier-aand.

* ook aan almal wat die Nuwe Generasie se Gourmet-wors-broodjieprojek ondersteun het.

* aan almal wat “springcleaning”-sakke met ou klere vir minderbevoorregtes gebring het en nog steeds bring.

Julle meelewing word opreg waardeer!

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder of elektroniese oorplasing.
Bankbesonderhede:
NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005,
Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing) en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za

Snap here to pay

Vier Erfenis-/Braaidag saam met Ya Bana Village – 24 September 2018

Ons nooi 15 gesinne om op 24 September 2018 saam met Ya Bana Village Erfenisdag te vier met 'n heerlike gesinsbraai. Elke gesin sal die dag deurbring met drie kinders en een huis moeder van Ya Bana Village.

Bring saam:
Bring asseblief middagete vir jou gesin, sowel as die drie kinders en een huismoeder. Ya Bana Village voorsien die hout, braaiplek, borde en eetgerei.

Aktiwiteite:
Daar sal baie pret aktiwiteite wees vir die kinders: Ons leer tradisionele speletjies, Sokker, netbal, rugby, bord speletjies en skaak, "Drumming", Tradisionele danse en sang.

Registrasie fooi: R100
https://www.yabanavillage4mandeladay.com/braai-day-2018

Ya Bana Village for the children

Kontak van die week: Verwagting

Vincent van Gogh het sy bekende skildery *Bloeiende Amandeltakke* in die laaste fase van sy lewe, tydens sy verblyf in die hospitaal in St Rémy-de-Provence, geskilder. Uit sy briewe weet ons dat hy hierdie werk kort na die geboorte van sy broerskind, Vincent Willem van Gogh op 9 Februarie 1890, geskilder het. Hy het waarskynlik die werk op die 20ste van die maand klaar gemaak. In een van sy briewe vertel hy dat die dag waarop hy die skildery voltooi het 'n perfekte lentedag was en oral om hom het hy die belofte van nuwe lewe raakgesien.

Die feit dat hy gekies het om nie die hele boom te skilder nie, maar slegs die takke, mag dalk daarop wys dat hy vanuit sy kamer, as 'n gevangene van sy situasie, na die boom gekyk het. Volgens die Stellenbosche teoloog, Johan Cilliers, wys die gedempte kleure, die fyn bloeisels, en die feit dat die doek plek-plek rondom die bloeisels sigbaar is, alles na Van Gogh se broosheid en die kwesbare situasie waarin hy homself bevind het.

Die bloeiende amandeltakke spreek nie net van broosheid nie, maar ook van 'n verlange na die somer en die lewe. Die takke wil ons ook nooi om anders te leef. Die uitnodiging is om met verwagting te leef, want bloeisels is die boodskappers van die oes; wat beteken dat die takke binnekort anders gaan lyk.

Marcel Barnard, 'n Nederlandse teoloog, sê die volgende oor die skildery as gelykenis:

"As a parable the painting says: the world at hand is not the only or final one. Something of eternity shines through the reality of everyday existence. The future is but a breath away."

Mag elke bloeisel van die nuwe seisoen jou herinner aan jou eie broosheid, maar jou ook nooi om met verwagting te leef.

Groete

Fay van Eeden
(namens die Predikantespan)

EK BIED MY GAWE AAN:

Naam _____

Selfoonnommer _____ **Landlyn nommer** _____

E-posadres _____

Kort beskrywing van Gawe

_____

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

_____

_____ _____

Handtekening **Datum**

*** Handig asseblief in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.
*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za.

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die Info-toonbank na die diens vir enige navrae.

Gemeenskap

Irene Konsentrasiekamp Herdenkingsgeleentheid - Erfenisdag 24 September 2018: Om 07:00 die oggend by Irene Konsentrasiekamp-begraafsplaas, Stopfordweg 10, Irene S 25º52' 14.4" O 28º13' 13.9"

Wiskunde Ekstra klasse Gr 7 - 9: Intermediêre fase, ter voorbereiding vir Senior Fase. Kontak Liesel Ferreira 082 214 9668 of e-pos lieselferreira@gmail.com (meer inligting op die kennisgewingbord).

Kennisgewingborde: Indien u 'n kennisgewing op die borde wil plaas, bring dit asseblief na die kerkkantoor of Info-toonbank – baie dankie vir u samewerking in dié verband.

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333. Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercarep@tshwane.gov.za. Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za. Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of e-pos customercare@tshwane.gov.za. Watermeterlesings (deurgee) – rooster vir 2018 beskikbaar by www.tshwane.gov.